## PALADIN CAPITAL BEPERK

# ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG **31 AUGUSTUS 2010**



PALADIN CAPITAL

**> Intrinsieke waarde** styg tot R2.45 per aandeel **> Herhalende wesensverdienste** daal met 11.8% tot 6.7 sent per aandeel **> Wesensverdienste** daal met 40.3% tot 17.6 sent per aandeel

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

*op 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Bates** | | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | | **260.3** | | |
| Ontasbare bates | | **43.2** | | |
| Belegging in geassosieerde maatskappye | 2 | **1 040.5** | 941.0 | 1 052.1 |
| Uitgestelde belasting | | **5.6** | | 2.8 |
| Finansiële bates | | | | |
| Lenings en voorskotte | | | 1.8 | |
| Debiteure | | **2.4** | | 0.2 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **29.5** | 1.5 | 2.3 |
| Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | | **20.5** | | |
| **Totale bates** | | **1 402.0** | 944.3 | 1 057.4 |
| **Ekwiteit** | | | | |
| Gewone aandeelhouersekwiteit | | **1 088.9** | 765.4 | 1 009.8 |
| Minderheidsbelang | | **33.4** | | |
| *Totale ekwiteit* | | **1 122.3** | 765.4 | 1 009.8 |
| **Laste** | | | | |
| Uitgestelde belasting | | **17.7** | | |
| Finansiële laste | | | | |
| Lenings | | **196.4** | 177.8 | 42.2 |
| Voorsiening vir ander laste en kostes | | **47.5** | | |
| Handels- en ander krediteure | | **17.7** | 1.1 | 5.3 |
| Huidige inkomstebelastinglaste | | **0.4** | | 0.1 |
| *Totale laste* | | **279.7** | 178.9 | 47.6 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | **1 402.0** | 944.3 | 1 057.4 |
| **Netto batewaarde per aandeel (sent)** | | **187.5** | 171.7 | 175.7 |

### VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Inkomste** | | | | |
| Beleggingsinkomste | | **12.7** | 10.9 | 21.0 |
| Skoolfooie | | **12.7** | | |
| Fooi-inkomste | | **0.4** | | 0.7 |
| Wins met verkoop van geassosieerde maatskappy | | **22.8** | | |
| Ander bedryfsinkomste | | | 1.3 | 1.0 |
| | | **48.6** | 12.2 | 22.7 |
| **Uitgawes** | | | | |
| Administrasie- en ander uitgawes | | **(18.7)** | (3.9) | (10.2) |
| Prestasiefooi | | **(46.2)** | | |
| Waardedaling | | | | (7.0) |
| | | **(64.9)** | (3.9) | (17.2) |
| **Resultate van bedryfsaktiwiteite** | | **(16.3)** | 8.3 | 5.5 |
| Finansieringskoste | | **(5.1)** | (9.5) | (13.6) |
| Deel van winste van geassosieerde maatskappye | | **91.3** | 81.4 | 168.4 |
| **Netto wins voor belasting van voortgesette bedrywighede** | | **69.9** | 80.2 | 160.3 |
| Belasting | | **(0.5)** | (1.1) | 1.6 |
| **Netto wins van voortgesette bedrywighede** | | **69.4** | 79.1 | 161.9 |
| **Netto wins van beëindigde bedrywighede** | | | 17.7 | 17.7 |
| | | **69.4** | 96.8 | 179.6 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | **69.4** | 96.8 | 179.6 |
| – minderheidsbelang | | **0.3** | | |
| – ekwiteitshouers van die maatskappy | | **69.1** | 96.8 | 179.6 |
| Toeskryfbaar aan aandeelhouers van die maatskappy | | **69.1** | 96.8 | 179.6 |
| Nie-wesensitems | 3 | **32.3** | 32.4 | 37.7 |
| **Wesensverdienste** | | **101.4** | 129.2 | 217.3 |
| **Verdienste en verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| – toeskryfbare | | **12.0** | 22.1 | 36.3 |
| – wesens | | **17.6** | 29.5 | 43.9 |
| **Getal aandele (miljoen)** | | | | |
| – uitgereik | | **580.6** | 445.9 | 574.6 |
| – geweegde gemiddelde | | **575.6** | 437.8 | 495.4 |

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Netto wins van die groep** | | **69.4** | 96.8 | 179.6 |
| Deel van ander omvattende (verlies)/inkomste van geassosieerde maatskappye | | **(3.2)** | | 12.3 |
| **Totale omvattende inkomste** | | **66.2** | 96.8 | 191.9 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | **66.2** | 96.8 | 191.9 |
| – minderheidsbelang | | **0.3** | | |
| – aandeelhouers van die maatskappy | | **65.9** | 96.8 | 191.9 |

### VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Gewone aandeelhouersekwiteit aan begin van die tydperk** | | **1 009.8** | 602.0 | 602.0 |
| Netto aandele uitgereik (na aftrekking van terugkoop- en aandeeluitreikingskoste) | | **13.2** | 192.8 | 342.1 |
| Totale omvattende inkomste | | **65.9** | 96.8 | 191.9 |
| Ander reserwes | | | (116.3) | (116.3) |
| Dividend betaal | | | (9.9) | (9.9) |
| **Gewone aandeelhouersekwiteit aan einde van die tydperk** | | **1 088.9** | 765.4 | 1 009.8 |
| **Minderheidsbelang** | | **33.4** | – | – |
| Begin van tydperk | | | 1.7 | 1.7 |
| Netto wins vir tydperk | | **0.3** | | |
| Verkryging/(verkoop) van filiale | | **33.1** | (1.7) | (1.7) |
| **Totale ekwiteit aan einde van die tydperk** | | **1 122.3** | 765.4 | 1 009.8 |

### VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | | |
| Kontant gegenereer deur bedryfsaktiwiteite | | **24.0** | 17.5 | 18.0 |
| Belasting betaal | | **(0.3)** | | |
| *Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite* | | **23.7** | 17.5 | 18.0 |
| *Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite* | | **(74.8)** | (47.0) | (164.0) |
| *Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite* | | **78.3** | 27.0 | 144.3 |
| **Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | | **27.2** | (2.5) | (1.7) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk | | **2.3** | 4.0 | 4.0 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk** | | **29.5** | 1.5 | 2.3 |
| – Voortgesette bedrywighede | | **29.5** | 1.5 | 2.3 |
| – Beëindigde bedrywighede | | | | |

### BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

| | | ONGEOUDITEER | | NAGESIEN |
|---|---|---|---|---|
| | Aantekeninge | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **Herhalende wesensverdienste** | | **22.3** | 29.8 | 80.5 |
| Ekwiteitverantwoorde wesensverdienste van geassosieerde maatskappye | | **29.9** | 33.3 | 87.1 |
| Ander uitgawes | | **(7.6)** | (3.5) | (6.6) |
| **Herhalende (deursigtige) wesensverdienste (Thembeka)** | | **19.1** | 11.6 | 26.2 |
| **Befondsing en SBM** | | | | |
| Paladin | | **(2.6)** | (8.0) | (11.2) |
| **Totale herhalende wesensverdienste** | | **38.8** | 33.4 | 95.5 |
| **Nie-herhalende wesensverdienste** | | **62.6** | 95.8 | 121.8 |
| Merk-tot-mark-beweging en dividendinkomste (Thembeka) | | **126.1** | 104.4 | 148.3 |
| Minus: herhalende (deursigtige) verdienste (Thembeka) | | **(19.1)** | (11.6) | (26.2) |
| Prestasiefooi | | **(46.2)** | | |
| Ander netto inkomste/(uitgawes) | | **1.8** | 3.0 | (0.3) |
| **Totale wesensverdienste** | | **101.4** | 129.2 | 217.3 |
| **Statistiek** | | | | |
| Herhalende WVPA (sent) | | **6.7** | 7.6 | 19.3 |
| WVPA (sent) | | **17.6** | 29.5 | 43.9 |

### AANTEKENINGE

*vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2010*

**1. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid**

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel en moet gelees word saam met die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010, wat voorberei is ooreenkomstig IFRS. Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die tussentydse gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met die beleid wat in die vorige jaar toegepas is, met uitsondering van die volgende hersiene standaarde wat vir die finansiële jaar met ingang 1 Maart 2010 van krag geword het: IRS 3 (gewysig) – *Besigheidskombinasies*, en IRS 27 (gewysig) – *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*. Die aanneem van IRS 27 (gewysig) het geen wesenlike uitwerking op die resultate nie en geen van die standaarde het enige herstatering van die resultate genoodsaak nie. Die aanneem van IRS 3 (gewysig) het die volgende uitwerking op die huidige gerapporteerde resultate gehad:

Die gewysigde standaard is toegepas op die verkryging van die beherende belang in Curro Holdings (Edms) Beperk ("Curro") op 1 Julie 2010 (verwys aantekening 6). Hierdie verkryging het in fases plaasgevind. Die gewysigde standaarde vereis dat klandisiewaarde slegs op die verkrygingsdatum eerder as op die vorige fases bepaal word. Die bepaling van klandisiewaarde sluit in dat die voorheen gehoue ekwiteitsbelang aangepas word na billike waarde met enige wins of verlies aangeteken in die inkomstestaat. Die groep het gekies om die nie-beherende belang teen die eweredige aandeel van die netto bates van Curro van R33.1 miljoen te erken.

| | ONGEOUDITEER | | GEOUDITEER |
|---|---|---|---|
| | **31 Aug 10 Rm** | 31 Aug 09 Rm | 28 Feb 10 Rm |
| **2. Belegging in geassosieerde maatskappye** | | | |
| Drawaarde | | | |
| Genoteer | **362.1** | 367.1 | 417.3 |
| Ongenoteer | **678.4** | 573.9 | 634.8 |
| | **1 040.5** | 941.0 | 1 052.1 |
| Paladin het sy beleggings in geassosieerde maatskappye getoets vir waardedaling en bestuur het gevolglik die belegging in Erbacon op 31 Augustus 2010 met R17.5 miljoen afgeskryf. Die direkteure is tevrede dat die drawaarde billik aangegee word na hierdie afwaartse waardasie. | | | |
| **3. Nie-wesensitems (na belasting en minderhede)** | | | |
| Waardedaling in beleggings | **17.5** | 54.7 | 60.9 |
| Waardedaling in lenings | | | 6.0 |
| Netto wins met verkoop/verwatering van beleggings in filiale en minderheidsbelang | | (17.7) | (17.4) |
| Netto wins met verkoop/verwatering van beleggings in geassosieerde maatskappye | **(15.8)** | | (8.2) |
| Nie-wesensitems van geassosieerde maatskappye | **30.6** | (4.6) | (3.6) |
| | **32.3** | 32.4 | 37.7 |
| **4. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede** | | | |
| Kapitaalverpligtinge: | | | |
| Gekontrakteer | **27.9** | | |
| Gemagtig maar nog nie gekontrakteer | **69.7** | | |
| | **97.6** | – | – |
| Toekomstige verpligtinge wat betref: | | | |
| *Eiendomshuurkontrakte* | | | |
| Binne een jaar | **0.2** | | 0.4 |
| Van een tot vyf jaar | | | 0.3 |
| | **0.2** | – | 0.7 |
| *Bedryfshuurkontrakte* | | | |
| Binne een jaar | **1.3** | | 0.8 |
| Van een tot vyf jaar | **4.4** | | 0.1 |
| | **5.7** | – | 0.9 |

**5. Verwanteparty-transaksies**

Gedurende die oorsigtydperk het PSG Corporate Services ("PSGCS") bestuursfooie gelykstaande aan R7.4 miljoen (2009: Rnil) van Paladin gehef wat op 31 Augustus 2010 uitstaande was.

PSGCS is ook geregtig op 'n prestasiefooi wat jaarliks bereken word, gebaseer op die appresiasie van Paladin se aandeelprys, met die eerste metingsdatum op 28 Februarie 2011. Die waardestyging in die aandeelprys is die verskil tussen die 30-dae volume geweegde gemiddelde prys van Paladin teen jaareinde en die aanvanklike prys van R1.535 per aandeel (aangepas vir aandeel uitgifte) soos omskryf in die bestuursooreenkoms wat die twee partye aangegaan het. Die las vir die prestasiefooi kan óf in kontant vereffen word óf, indien onvoldoende kontant beskikbaar is, deur die uitreiking van gewone aandele in Paladin. Indien die metingsdatum 31 Augustus 2010 was, sou die prestasiefooi betaalbaar R46.2 miljoen bedra het. Hierdie bedrag is voorsien op 31 Augustus 2010. Indien die prestasiefooi bereken was op die laaste praktiese datum, sou die fooi betaalbaar R64.2 miljoen bedra het.

**6. Verkryging van filiaal**

Op 1 Julie 2009 het Paladin 50% van die aandelekapitaal van Curro ('n verskaffer van privaat onderwys) vir R50 miljoen verkry en die belegging geklassifiseer as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy. Op 1 Julie 2010 het Paladin 'n verdere 26% van die aandelekapitaal vir R26 miljoen verkry om beheer van Curro te bekom. Die drawaarde en billike waarde van Curro wat die verkryging van die beherende aandeel onmiddellik voorafgegaan het, het onderskeidelik R52.2 miljoen en R75 miljoen bedra. Die gevolglike wins van R22.8 miljoen word getoon op die gesig van die inkomstestaat. Die verkrygde besigheid het van 1 Julie 2010 tot 31 Augustus 2010 'n inkomste van R12.7 miljoen en netto wins van R1.3 miljoen vir die groep bygedra.

**7. Tussentydse verslag ooreenkomstig IAS 34**

Die volledige tussentydse verslag, ooreenkomstig IAS 34, wat die volle segmentverslag bevat, asook verdere informasie rakende die verkryging van Curro, is beskikbaar op die *Securities Exchange News Service* van die JSE Bpk en die maatskappy se webwerf.

***Hierdie resultate is beskikbaar op ons webtuiste by*** **www.paladincapital.co.za**

## OORSIG

Paladin is PSG Groep se privaat ekwiteitbeleggingsmaatskappy in ander sektore as landbou, voedsel en drank. Paladin belê in besighede wat maklik verstaanbaar is, gesonde kontantvloei het, waar bestuur groot aandeelhouers is en waar Paladin se deel van winste na belasting meer as R10 miljoen beloop. Paladin is strategies betrokke in sy beleggingnemermaatskappye en werk aktief saam met die entrepreneurs en bestuur om hulle besighede verder uit te bou. Op 31 Augustus 2010 het Paladin 13 beleggings oor die ekonomiese spektrum gehad.

## RESULTATE

Op 31 Maart 2010 is daar op SENS aangekondig dat Paladin die metode verfyn het om *herhalende wesensverdienste* te bereken. Voorheen is *herhalende wesensverdienste* omskryf as *rapporteerbare wesensverdienste* ingevolge rekeningkundige standaarde, uitgesluit enige merk-tot-mark-bewegings en eenmalige items. *Herhalende wesensverdienste* word nou bereken op 'n deursigtige basis en is die som van Paladin se effektiewe belang in elk van sy onderliggende beleggings, ongeag sy persentasie aandeelhouding. Paladin se *herhalende wesensverdienste* vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2009 het gevolglik 7.6 sent per aandeel bedra in teenstelling met die 6.9 sent per aandeel wat voorheen ingevolge die ou metodologie gerapporteer is.

Paladin se *herhalende wesensverdienste* het met 16.2% tot R38.8 miljoen gestyg (2009: R33.4 miljoen heraangegee). Die styging is die gevolg van 'n sterk prestasie van die beleggingsmaatskappy- en dienstesegmente te midde van moeilike handelstoestande ondervind in die myn-, konstruksie- en verwantedienste-segment wat veral swaar getref is deur die afswaai in die konstruksie-sektor sedert die begin van die finansiële jaar.

Paladin se *rapporteerbare wesensverdienste* het gestyg met 14.2% tot R147.6 miljoen (2009: R129.2 miljoen) voor die voorsiening vir die prestasiefooi van R46.2 miljoen. Na die voorsiening het die *rapporteerbare wesensverdienste* gedaal met 21.5% na R101.4 miljoen.

*Herhalende wesensverdienste* per aandeel en *rapporteerbare wesensverdienste* per aandeel het onderskeidelik met 11.8% tot 6.7 sent en 40.3% tot 17.6 sent gedaal.

## KORPORATIEWE AKSIE

> Die verkryging van R100 miljoen deur middel van 'n vyfjaar-, vastekoers-voorkeuraandeel met dividend en kapitaal betaalbaar op vervaldatum.

> Die verkryging van regulatoriese goedkeuring om 'n addisionele 26%-belang te koop in Curro vir 'n totale koopsom van R52 miljoen.

> Die verkoop van Lesotho Milling vir R26 miljoen in kontant, met ingang 1 September 2010.

## OORSIG VAN WERKSAAMHEDE

### Beleggingsmaatskappye (Thembeka en Spirit)

*Herhalende wesensverdienste* het tot R11 miljoen gestyg (2009: R1.7 miljoen). Hierdie prestasie is gedryf deur besondere resultate van Thembeka op die rug van gesonde herhalende verdienste van die belegging in Capitec en PSG Groep.

*Rapporteerbare wesensverdienste* het met 24.9% tot R118 miljoen gestyg as gevolg van die insluiting van merk-tot-mark-winste by Thembeka.

### Dienste (CIC, IQuad en African Unity)

*Herhalende wesensverdienste* het met 24.1% tot R17.5 miljoen gestyg. African Unity het 'n beduidende bydrae tot groei gemaak.

### Myn-, konstruksie- en verwante dienste (Precrete, Petmin, Erbacon en Top Fix)

*Herhalende wesensverdienste* was teleurstellend en het met 49.3% tot R15 miljoen gedaal. Terwyl Petmin en Precrete se bydraes, veral laasgenoemde, gegroei het, het die toestand van die konstruksiebedryf Erbacon en Top Fix se verdienste negatief geraak.

### Vervaardiging (GRW, Lesotho Milling en Protea Gietery)

Die vervaardigingsegment het R4 miljoen tot *herhalende wesensverdienste* bygedra, teenoor 'n verlies van R1 miljoen in die ooreenstemmende tydperk.

### Onderwys (Curro)

Curro is met ingang 1 Julie 2009 verkry toe 'n 50%-aandeel gekoop is. Met ingang 1 Julie 2010 het Paladin beheer van Curro bekom deur 'n verdere 26%-aandeel te verkry. Curro het in lyn met ons verwagtings vir 'n ontwikkelende hoëgroeimaatskappy gepresteer.

Paladin is vol vertroue dat hierdie bedryf bogemiddelde, volhoubare groeikoerse kan bied.

## INTRINSIEKE WAARDE

Paladin se intrinsieke waarde word bereken deur markwaardes vir genoteerde beleggings en markverwante veelvoude vir ongenoteerde beleggings te gebruik. Die totale intrinsieke waarde per aandeel het sedert 28 Februarie 2010 met onderskeidelik 21.9% tot R1.422 miljard en 20.7% tot R2.45 per aandeel gestyg. Dit is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die styging in intrinsieke waardes van Thembeka en CIC.

| **Intrinsieke waarde** | | **31 Aug 10** | | 28 Feb 10 | | 31 Aug 09 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maatskappy** | **Beskrywing** | **% gehou** | **Waarde Rm** | % gehou | Waarde Rm | % gehou | Waarde Rm |
| **Beleggingsmaatskappye** | | | | | | | |
| Thembeka | SEB-beleggingsmaatskappy | **49%** | **415** | 49% | 272 | 49% | 229 |
| Spirit | Hefboomuitkope | **20%** | **15** | 20% | 15 | | |
| | | | **430** | | 287 | | 229 |
| **Dienste** | | | | | | | |
| CIC | Verbruiksgoedere | **50%** | **371*** | 50% | 213 | 49% | 136 |
| IQuad | Uitkontrakteringsdienste | **44%** | **35** | 43% | 24 | 43% | 29 |
| African Unity | Lewens- en verwante versekering | **43%** | **30** | 43% | 17 | 43% | 13 |
| | | | **436** | | 254 | | 178 |
| **Myn-, konstruksie- en verwante dienste** | | | | | | | |
| Precrete | Mynveiligheid- en ondersteuningsdienste | **22%** | **176** | 22% | 163 | 22% | 117 |
| Petmin | Gediversifiseerde mynmaatskappy | **9%** | **126** | 9% | 120 | 9% | 100 |
| Erbacon | Konstruksie | **18%** | **89** | 22% | 100 | 26% | 78 |
| Top Fix | Konstruksie-ondersteuningsdienste | **28%** | **29** | 28% | 48 | 18% | 20 |
| | | | **420** | | 431 | | 315 |
| **Vervaardiging** | | | | | | | |
| GRW | Tenkwavervaardiger | **40%** | **49** | 40% | 49 | 40% | 39 |
| Lesotho Milling | Meulens | **25%** | **26** | 25% | 38 | 25% | 38 |
| Protea Gietery | Nie-ysterhoudende gietery | **50%** | **35** | 50% | 33 | 50% | 30 |
| | | | **110** | | 120 | | 107 |
| **Onderwys** | | | | | | | |
| Curro | Privaat skole – onderwys | **76%** | **152** | 50% | 100 | 50% | 50 |
| | | | **152** | | 100 | | 50 |
| **Ander** | | | | | | | 11 |
| **Totale beleggings** | | | **1 548** | | 1 192 | | 890 |
| **Prestasiefooi voorsiening** | | | **(46)** | | | | |
| **Netto skuld en ander*** | | | **(80)** | | (25) | | (163) |
| **Totale intrinsieke waarde** | | | **1 422** | | 1 167 | | 727 |
| **Uitgereikte aandele (miljoen)** | | | **581** | | 575 | | 446 |
| **Intrinsieke waarde per aandeel (sent)** | | | **245** | | 203 | | 163 |
| **Intrinsieke waarde per aandeel op laaste praktiese datum (sent)** | | | **252** | | N/A | | N/A |

* CIC is gewaardeer teen die Imperial aanbodprys met die verwante kapitaalwinsbelastingaanspreeklikheid in Netto skuld en ander ingesluit.

## VOORUITSIGTE

Die direksie is vol vertroue oor die gehalte van sy beleggings en die vooruitsigte vir die toekoms. Die onlangse aankondiging ten opsigte van 'n aanbod wat van Imperial ontvang is vir CIC, is nog onderhewig aan verskeie regulatoriese goedkeurings. Indien al die goedkeurings verkry word, sal Paladin 'n kontantinvloei van ongeveer R371 miljoen voor belasting hê, wat belê sal word in geleenthede wat voldoen aan Paladin se beleggingskriteria.

## DIVIDEND

In die lig van die maatskappy se langtermyngroei-strategie is dit Paladin se beleid om nie 'n dividend te betaal nie.

Namens die direksie

**Jannie Mouton**
Voorsitter

**Francois Swart**
Uitvoerende Hoof

Stellenbosch
6 Oktober 2010

**Paladin Capital Beperk**
Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer: 2007/032836/06)
Aandeelkode: PLD ISIN: ZAE000138970
("Paladin" of "die maatskappy" of "die groep")

**Direkteure**
JF Mouton (Voorsitter), FW Swart (Uitvoerende Hoof)*,
E de V Greyling#, KP Harris#, JA Holtzhausen, PJ Mouton, JD Wiese#
(* uitvoerend # onafhanklik, nie-uitvoerend)

**Sekretaris en geregistreerde kantoor**
PSG Corporate Services (Edms) Beperk
1ste Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600
Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

**Oordragsekretaris**
Computershare Investor Services (Edms) Beperk
(Registrasienommer 2004/003647/07)
Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

**Korporatiewe adviseur**
PSG Capital (Edms) Beperk

**Aangewese adviseur**
Questco Sponsors (Edms) Beperk

GREYMATTER & FINCH # 5060